# *Loergaatjie op ons Lewens*

*Hindenburgstr 36, 70825 Korntal, Duitsland . Tel:+49 711 839651602 . mengessandra@gmail.com*

Junie 2019

Liewe Julle,

Ons is in ons laaste skoolweek voor ons jaarlikse vakansie, maar eers wil ek by julle kuier. So ek sit op my bank met n koppie koffie. Ek wens jy was hier by my sodat ons regtig kan gesels!

Dit gaan steeds baie goed met ons. Ons lewens is tans probleemloos en ons is deeglik bewus wat n voorreg dit is! Daardeur het ons baie energie vir ander mense en vir God se koninkryk en ons geniet die fase verskriklik, bewus dat dit verseker nie altyd so sal wees nie.

Eers oor ons kinders: Dit gaan baie goed met Annelie aan boord Logos Hope. Sy werk as assistent boekwinkelbestuurder, verantwoordelik vir 60 mense. Dis n wonderlike werk wat sy baie geniet en sy leer en groei daagliks! Die kombinasie van boeke, besoekers en werkers is vir haar heerlik. Annelie het besluit om n derde jaar aan boord te bly en ons is baie tevrede met haar besluit.

Ilana het nog twee weke oor van haar jaar in Engeland. Vir haar was dit n gemengde jaar van uitdagings en vreugdes. Sy het haar kursus en opvoerings in die skole en haar wonderlike huismaats baie geniet, maar sy het ook geleer hoe om met uitdagings in n span reg te kom en sy was gebroke toe hulle die toneelstuk oor mensehandel moes skryf. Eers toe het sy besef wat so om haar in haar eie omgewing gebeur. Hulle het hul eie stuk daarna opgevoer by skole waar kinders volgens die polisie in gevaar is om hulle te waarsku en te help om dit te identifiseer as dit gebeur. Ons gaan Ilana haal gedurende die skoolvakansie en mag dan ook haar laaste toneelstuk sien – ons is dankbaar dat ons kan gaan! Ilana het julle gebede nodig rondom haar toekoms. Soos baie ander kinders, sukkel sy om te weet hoe om tussen die baie moontlikhede te kies. Sy het besluit om eers praktiese werkservaring in n hospitaal die vakansie te doen (vanaf 1 Julie) en tegelyk haar jaar in Engeland te verwerk voor sy gaan begin studeer. Ek glo God het n spesiale plekkie vir haar gereed. Ons moet dit nog net uitvind.

Liesl is verskriklik gelukkig in haar skool. Sy is in n klas met buitelandse kinders en voel verskriklik tuis tussen hulle. Die jaar is n goeie jaar vir Liesl. Sy doen goed en sy is gelukkig. Sy is besig om aansoek te doen vir n vakleerlingskap. In Duitsland is daar baie moontlikhede om praktiese beroepe op n professionele vlak te kan leer doen. Dis n kombinasie van werk en skool oor 2 – 3 jaar. Sy wil kantoorbestuur op die manier leer en soek nou n firma wat haar sal aanstel. Liesl is klaar met skool teen Junie 2020, maar mens moet n jaar vooruit aansoek doen vir so n vakleerlingskap. Sy sal 16 jaar oud wees as sy klaar is met skool. Ons dink dit is te vroeg vir universiteit of buitelandse ervaring.

Tobias is ook hard aan die studeer en werk. Hy geniet beide baie. Die heel lekkerste vir hom was die ontwerp van die Arabiese Teologiese kursus, aangebied vir Arabiese vlugtelinge wat nie net begin glo nie, maar wat ook alreeds vir ander geestelik lei. Die kursus word in Arabies aangebied (meestal van Egiptiese teologe). Ons het 20 studente op die stadium en die eerste modules het bewys dat dit n baie waardevolle kursus is. In n tyd wat ons baie negatiewe publisiteit rondom vlugtelinge daagliks hoor, geniet ons dit baie om te sien hoe God verder onder hulle werk en is. Tobias is by n punt in sy navorsing waar hy kontak moet maak met verskillende teologiese kursusse wêreldwyd sodat hy kan sien wat werk en wat nie sodat hy n toekomstige model vir teologie in sending kan ontwerp.. Bid dat hy die regte skole sal ontdek en dat God sy oe sal oopmaak vir dit wat Hy weet die toekoms beste sal vorm.

Ek is steeds gelukkig as coach en mentor. Die Here is besig om meer en meer deure vir my oop te maak. Ek is steeds baie betrokke by die werk in Griekeland en gaan einde Junie weer soontoe. Intussen het nuwe deure vir my oopgegaan. Ek het in Maart n kursus in Frankryk gedoen wat my in staat stel om sendelinge beter te help om hulle ervaringe te verwerk. Dis n 5-dag kursus waarin mens jou ervaring

reflekteer en dit uit God se perspektief verstaan. Laas week het ek die kursus vir die eerste keer self met iemand deurgewerk en dit was ongelooflik intensief, maar baie baie kosbaar. Om te sien hoe iemand van heeltemal verward, seer en gebroke stadig maar seker meer perspektief sien, meer verstaan en dinge aan God afgee en sien hoe Hy gesond maak, is en bly altyd n voorreg! Aan die einde kon ons in verwondering lag en vreugdevol die toekoms in die oe kyk. Die komende maande sal ek weer n paar kultuur kursusse vir jongmense aanbied. In September is ek betrokke by n vroue konferensie in Jordanie vir vrouens wat in Mlem lande werk – van Marokko tot Sjina. Ek is verantwoordelik vir die program en sien uit om die detail te beplan. Ongelukkiig kan baie vroue wat wil kom, dit nie bekostig nie. So bid asb saam dat God vir ons finansiele ondersteuners sal gee wat dit vir die vroue kan moontlik maak om te kom.

Die einde van die jaar lê n nuwe uitdaging voor my. OM het n 2 weke lange ‚counselling' kursus *(Face2Face)*, elke jaar in n ander land. Dit is vir sendelinge van OM en ander organisasies. Die idee is om n geleentheid te gee vir sendelinge om self hulle eie seer te verwerk. Ons eie ervarings beinvloed ons beeld van God nogals. En as ons beeld van God skeef is, gee ons ook n skewe beeld aan ander van hoe God is.Die kursus se doel is om sendelinge te help om gesond te word. Ek sal in Oktober by n opleidingskursus wees en in November DV in Hongarye deel wees van die aanbiederspan.

Nog n nuwe ding die jaar is n konsultasie geleentheid wat ek met nog n dame begin het. OMers wat verantwoordelik is vir ‚People Care' het maandeliks die geleentheid om aan n skype konsultasie deel te neem wat ons saam lei. Dis n geleentheid waarin mense wêreldwyd met mekaar kan gesels oor n spesifieke onderwerp wat vir hulle werk belangrik is. By elke konsultasie mag 10 mense deelneem. En die lekker is dat mense letterlik van regoor die wêreld saam gesels: mense van Singapore, Nepal, Korea, Rusland, Engeland, Holland, Tanzanie, Zambie, Suid-Afrika, Brasilie, Argentinie en Uruguay…. Letterlik die hele wêreld. Hoe ongelooflik om te sien hoe ons kan ontdek dat ons almal maar met dieselfde basisprobleme sit en te sien hoe ons verskillende perspektiewe vir mekaar nader aan oplossings kan bring! Ons doen dit maandeliks sedert Februarie en dit word regtig gewaardeer.

Ek en Tobias het ook die jaar n geleentheid gehad om saam klas te gee in Switzerland. n Kerkverband het ons uitgenooi en ons het n wonderlike dag gehad oor uitbrand en ‚resilience'.

Iets wat vir my kosbaar is, is om te sien hoe die Here vir my presies genoeg werk die jaar voorberei het, sonder dat dit te veel word. Elke maand het sy eie uitdagings gehad, maar nooit het ek gevoel ek kan nie meer nie. Dit gee my moed vir die toekoms, want my lewe bestaan uit enkele afsprake die hele jaar deur. Ek weet dat God weet wanneer my familie my nodig gaan hê en wanneer ek beskikbaar kan wees en ek kan Hom vol vertrou om die balans vir my te laat ontvou. Natuurlik moet ek ook kan nee sê, maar dit doen ek reeds.

So vir al 5 van ons lê daar nuwe uitdagings voor, baie kans vir groei en ontwikkel en nuwe lewensfases. Maar dieselfde God gaan ons begelei en daarom is dit n kosbare avontuur want ons weet ons kan Hom vertrou. Dis al 29 jaar en 6 maande sedert ek my sendingpad gekies het. Ek is so bewus van julle gebede en julle voorsiening aan ons – na al die jare! Ek kan nie glo hoe getrou julle eenvoudig aanhou om vir ons om te gee en te bid en te ondersteun nie. Baie baie dankie! Ons is diep dankbaar.

n Laaste gedagte: Ons gaan in Augustus vir n kort tydjie na die Logos Hope om vir Annelie te gaan kuier. Annelie wil so graag dat ons haar vriende leer ken. Die ander twee, het ons besef, het nodig om die skip uit volwasse perspektief te leer ken. Liesl voel sy verstaan niks as ons oor skip goed praat nie en dit frustreer haar en laat haar soos n buitestaander in ons gesin voel. Ilana weer het n romantiese onthou van die skip – so uit n 6-jarige se perspektief. Ons het besef die kinders het dit nodig dat ons as gesin saam weer skip beleef. Dit sal net kort wees, amper 2 weke, maar die kinders mag saamwerk in die afdelings en ek en Tobias sal ook sien hoe ons kan bydra op ons manier. Ons is opgewonde en dankbaar.

Baie liefde van ons almal - Tobias en Sandra Menges